

2016 AJV IN BEELD/2016 AGM IN PICTURES



Sommer uit die staanspoor gewerk/At work
right from the word go



Tyd vir eet, en die kos was lekker/Time to eat, food for kings



Ernstige bespreking, Vaaldriehoek was daar en die Begraafplaas DVD
Serious discussion, Vaaldriehoek attended and The Cemetery DVD



Vrydagaand se mampoerfees/Mampoer Fest Friday evening



Saterdagoggend het Prof Estelle van Tonder die geheimenisse van goeie bemerking met die toehoorders gedeel - iets waaraan die GGSA in die toekoms ernstig aandag aan sal moet gee.

Smaland: Saterdagagaand het Nielette Olèn NEL ons vergas met 'n uitstekende voordrag oor die jong Carl Ludvig Theodor Olén wat mettertyd 'n

wa en span osse aangeskaf het en begin transport ry.....



Die Beste Artikel wat in 2015 in Familia verskyn het is toegeken deur die Noord-Transvaaltak aan Jaco Strauss en Martina Louw vir hul werk "Die Herkoms van Stamvader Adolph Jonker" in Familia 52 nommer 2. Andrew Kok en Daan Hamman het die sertifikate namens hul in ontvangs geneem. Annemarie Dreyer van N-Tvl Tak het die sertifikate oorhandig.



Noordwesttak van die GGSA het die AJV aangebied. Die reëlings was puik. Die inrig van die lokaal tot die aanbieding van etes het van deeglike beplanning getuig. Die Mampoerfees het nie net vir losmaak van tonge gesorg nie maar die aanbieding was ook werklik leersaam.

BAIE DANKIE NOORDWES!!!

DIE NUK VIR 2016/THE 2016 NEC



Van Links na Regs: Ferdie van Wyk (Visie-President) Robyn Templeton (Nasionale Sekretaris/National Secretary), Simon du Plooy (President), Margaret Gundry (Additional member/Bykomende lid), Banie Engelbrecht (Tesourier/Treasurer), Gerrit Muller (Bykomende lid/Additional member),

TOEKENNINGS BY DIE GGSA AJV 2016

Genealoog van die jaar – Dennis Pretorius




Dennis is 'n jarelange lid van GGSA en lank reeds lid van die NUK en Visie-President van GGSA. Hy het die Afrikaanse genealogie gesprekslys SAGenealogie@yahoo.com begin en bedryf dit al die jare steeds man-alleen. Hy het met sukses die byna onmoontlike taak om die 1984-kieserslys te digitiseer aangepak. Hy het gesorg dat GGSA aan die wetlike vereistes vir 'n maatskaplike welsynorganisasie voldoen en sodoende van belasting vrygestel word. Hy is 'n deskundige met die opspoor van biologiese ouers van aangenome kinders en andersom. Met sy deurdagte menings en kennis van 'n wye spektrum van die genealogie is hy 'n steunpilaar in die GGSA.

Uitstaande Publikasie- Isak Bosman se “Die Dippenaar Familie van Suid_Afrika”



My navorsing oor die geskiedenis van die Dippenaar-familie van Suid-Afrika, wat 6 jaar geneem het om te voltooi, is nou in boekvorm beskikbaar. Die publikasie daarvan val saam met die 280ste herdenking van die jaar waarin die eerste Dippenaar na Suid-Afrika gekom het.




GGSA Goue Banier/ GSSA Golden Banner



Mev Ellen Harmse



Mnr Jaco Strauss



Mnr John Wilmot

Ekstra Myl/ Exstra mile 5jr lang diensjare/ long service



Mev Esther Visser-Stieger



Mnr Dirk J Bloem



Mnr Stephan Botha